- (11) The inclusion of stakeholders relating to Urban Development on the Intermodal Planning Committee and Land Transport Advisory Board respectively and the consideration of issues relating to Urban Development by the Intermodal Planning Committee and/or Land Transport Advisory Board as contemplated by this section 9 shall be to the extent permitted by law only.
- (12) The Commissioner shall take all necessary steps to develop and roll out TDA's brand and its supporting logos and architecture to the intent that the brand of TDA fully supports the Functions.
- (13) The Commissioner shall, on a monthly basis, provide appropriate data in relation to its activities under this Liaison, Communication and Stakeholder Management Function to the TDA Business Management Function.

Infrastructure Management

- 10.** (1) The Commissioner shall be responsible for the planning, design, costing, construction, maintenance, replacement, extension and upgrading of all the City's Integrated Transport and Urban Development infrastructure and related facilities.
- (2) The Commissioner shall be responsible as and shall perform all the functions of the road authority under the Roads Ordinance for all public roads and public paths (as such public roads and public paths are defined in the Roads Ordinance) in the City and shall, to the extent necessary, make such further applications under the Roads Ordinance in order to take up such responsibility.
- (3) The Commissioner shall establish, manage and maintain an asset register of the City's Integrated Transport and Urban Development infrastructure and related facilities, as referred to in subsection (1).
- (4) In particular, the Commissioner shall ensure that the asset register referred to in subsection (3) shall record the following information:

- (a) the location of the assets referred to in subsection (3);
 - (b) the classification and definition of such assets;
 - (c) the age of such assets;
 - (d) the lifecycle costs of maintaining such assets and in particular the costs of deferring the maintenance of such assets; and
 - (e) the quantification of such assets and the financial value of such assets.
- (5) In making decisions as to the maintenance of the assets as referred to in subsection (4), the Commissioner shall reach an appropriate balance between planned and reactive maintenance so as to ensure the long term and cost effective sustainability of such assets, as well as considering appropriate business planning scenarios to support the Commissioner's decisions to invest strategically in such assets as he or she shall consider to be of high importance.
- (6) The Commissioner shall, on a monthly basis, provide appropriate data in relation to its activities under this Infrastructure Management Function to the TDA Business Management Function.

Network Operations Management

- 11.** (1) The Commissioner shall be responsible for the planning, design, costing, management, operation and oversight of all activities on the Integrated Transport network and related infrastructure and facilities in the City and in particular the IPTN, including the operation of:
- (a) the traffic signalling systems;
 - (b) the bus and minibus taxi (BMT) lanes;
 - (c) the traffic management cameras;
 - (d) parking management;
 - (e) the freeway management system;
 - (f) transport plans in relation to events management;
 - (g) abnormal loads and transport of dangerous goods procedures;
 - (h) the TMC and the TIC;
 - (i) communication systems, the comprehensive databank and TDA's information systems and technology, all of which shall be located at and managed from the TMC;
 - (j) communication facilities at all major public transport facilities, interchanges and on the Integrated Transport network and related infrastructure and facilities;

- (k) the integrated timetabling of all public transport services;
 - (l) road closures;
 - (m) the granting of wayleaves; and
 - (n) the relevant rail infrastructure, network and related facilities.
- (2) The Commissioner shall, on a monthly basis, provide appropriate data in relation to its activities under this Network Operations Management Function to the TDA Business Management Function.

Urban Planning

- 11A.** (1) The Commissioner shall be responsible for implementing Urban Planning in accordance with SPLUMA, LUPA, the Planning By-law and all other legislation and regulations relevant to Urban Planning.
- (2) Subject to subsection (1) and the Planning By-law, the Commissioner shall develop, implement, manage and review the SDF and such District SDFs as may be required by the City from time to time, in accordance with TOD.
- (3) The Commissioner shall **administratively** support all land development decisions made by the Municipal Planning Tribunal, as well as such land development decisions made under delegated authority, be carried out in accordance with:
- (a) the procedures in and requirements of the Planning Bylaw; and
 - (b) the SDF and District SDFs,
- so as to further the implementation of TOD.
- (4) The Commissioner shall have regard to the comments from all relevant internal and external stakeholders in relation to all Land Use applications, including the Land Use applications referred to in section 3(7).
- (5) The Commissioner shall ensure that all building development permitted by Urban Planning shall be required to comply with the National Building Act.
- (6) The Commissioner shall, in accordance with the Planning By-law and, where relevant, SPLUMA, enforce all **unlawful** Land Uses.
- (7) The Commissioner shall, on a monthly basis, provide appropriate data in relation to its activities under this Urban Planning Function to the TDA Business Management Function.

Human Settlements

- 11B.** (1) The Commissioner shall be responsible for implementing Human Settlements in accordance with the Housing Act, the Rental Housing Act, the Social Housing Act and all other legislation and regulations relevant to Human Settlements.

- (2) The Commissioner shall develop, implement, manage and review Human Settlements plans for the City and shall ensure that such Human Settlements plans shall:
 - (a) comply with all law, regulations on the contents and structure of such Human Settlements plans;
 - (b) set out the functional parameters for each Function as it relates to Urban Development and Human Settlements and the obligations and standards that each Function is required to meet;
 - (c) ensure that all housing design and materials to be used shall be economically viable, sustainable and efficient;
 - (d) have regard to the SDF and align with the IPTN; and
 - (e) ensure the further implementation of TOD.
- (3) In terms of subsection (2), the Commissioner shall prioritise the provision of Human Settlements as a key element of the performance by TDA of the Functions so as to address efficiently and effectively the demand arising from population growth and urbanisation, including:
 - (a) prioritising all issues relating to security of tenure;
 - (b) implementing all TDA's identified catalytic housing projects, as determined by the Minister of Human Settlements and the BEPP from time to time;
 - (c) prioritising the development of Human Settlements with TDA's identified grant funding and relevant funding from the City;
 - (d) achieving the Level Three Accreditation (Financial Administration) as referred to in the National Accreditation Framework; and
 - (e) facilitating the provision of multiple housing types, densities, designs and related tenures, including social housing, rental stock and inclusionary housing, so as to address the City's housing backlog in accordance with the City's housing waiting list,

in accordance with TOD.
- (4) The Commissioner shall prioritise the implementation of operational and capital investment that addresses and delivers Human Settlements across the City.
- (5) The Commissioner shall, on a monthly basis, provide appropriate data in relation to its activities under this Human Settlements Function to the TDA Business Management Function.

Urban Sustainability

- 11C.** (1) The Commissioner shall be responsible for implementing Urban Sustainability in accordance with NEMA, the NHRA, and all other legislation and regulations relevant to Urban Sustainability.
- (2) The Commissioner shall develop, implement, manage and review the Urban Sustainability Strategy for the City and shall ensure that such Urban Sustainability Strategy shall:
- (a) comply with all law, regulations and applicable guidance on the contents and structure of such Urban Sustainability Strategy;
 - (b) set out the functional parameters as it relates to Urban Sustainability and the obligations and standards that each Function is required to meet; and
 - (c) determine the parameters, targets, tools and resources to give effect to efficient, effective and economically viable:
 - (i) environmental management;
 - (ii) resource conservation, efficiency and management;
 - (iii) climate change management and mitigation;
 - (iv) biodiversity;
 - (v) management of the City's heritage; and
 - (vi) coastal management; and
 - (d) ensure the further implementation of TOD.
- (3) The Commissioner shall develop, manage and review TDA's Carbon Footprint in relation to all of the Functions, and shall identify and implement such programmes and projects in order to reduce TDA's Carbon Footprint and to improve Integrated Transport and Urban Development for the benefit of citizens of and visitors to Cape Town as he or she thinks fit.
- (4) The Commissioner shall prioritise the implementation of operational and capital investment that addresses and delivers Urban Sustainability across the City.
- (5) The Commissioner shall, on a monthly basis, provide appropriate data in relation to its activities under this Urban Sustainability Function to the TDA Business Management Function.

MISCELLANEOUS

General functions of TDA

- 12.** (1) The Commissioner may promote and administer the carrying out of any activities which he or she has power to carry out, whether such power is conferred by statute, this By-law or delegated by the Council and, to the extent permitted by law, the Commissioner shall, subject to the required authority being obtained, be entitled to appoint such staff, agents and contractors as he or she thinks fit or is required to appoint by the Council to carry out such activities that the Commissioner has power to carry out.
- (2) The Commissioner may subject to the required authority being obtained enter into and carry out any agreement with any person for the carrying out by that person, whether as agent for the City or otherwise, of any activities which the Commissioner has power to carry out and, in particular, with respect to the provision or financing of any services relating to Integrated Transport and/or Urban Development which the City has power to provide, subject to due process being followed.
- (3) To the extent permitted by law, it shall be within the capacity of the Commissioner, subject to the required authority being obtained, to do such things and enter into such transactions as are calculated to facilitate, or are conducive or incidental to, the discharge of any of the Functions.

Agreements with the Province and adjacent Municipalities

- 13.** Subject to the prior approval of the Council, the Commissioner may enter into such agreements with the Province or adjacent Municipalities in terms of section 12 and 19 of the NLTA.

Short title

- 14.** This By-law is called the City of Cape Town: Constitution of the Transport and Urban Development Authority for Cape Town By-law, 2016."

STAD KAAPSTAD

VERORDENING OP DIE SAMESTELLING VAN DIE VERVOER- EN STEDELIKE- ONTWIKKELINGSOWERHEID VIR KAAPSTAD, 2016

STAD KAAPSTAD**VERORDENING OP DIE SAMESTELLING VAN DIE VERVOER- EN STEDELIKEONTWIKKELINGSOWERHEID VIR KAAPSTAD, 2016**

Om die Verordening op die Samestelling van Vervoer vir Kaapstad te wysig om sodoende die aanhef te wysig; omskrywings te wysig; nuwe omskrywings in te voeg; die naam van die vervoerowerheid te verander; en vir nuwe funksies voorsiening te maak.

Aanhef

AANGESIEN artikel 156(2) van die Grondwet bepaal dat 'n munisipaliteit verordeninge kan uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer;

AANGESIEN deel B van Bylae 4 en deel B van Bylae 5 by die Grondwet die plaaslike regerings-aangeleenthede uiteensit wat 'n munisipaliteit die reg het om te administreer;

AANGESIEN die toewysing van verantwoordelikheid vir landvervoeraangeleenthede in die Stad deur die Stad, die Provinsie en die nasionale Departement van Vervoer gedeel word;

AANGESIEN die Stad, ten einde sy vervoerfunksies, met inbegrip van enige sodanige funksies wat van tyd tot tyd aan hom opgedra kan word, doeltreffend uit te voer, 'n vervoerowerheid binne die Stad as bestuurstruktuur ingestel het waaronder al sodanige funksies saamgevoeg gaan word met die oog daarop om geïntegreerde vervoer tot voordeel van die burgers van en besoekers aan Kaapstad te fasiliteer en sodanige vervoerowerheid TCT is en sy funksies daar sal uitsien soos in hierdie verordening uiteengesit;

AANGESIEN sekere funksies moontlik ingevolge artikel 11 van die NLTA aan 'n munisipaliteit toegewys kan word;

AANGESIEN daar in reaksie op die vereistes van die NLTA van die Stad vereis word om die voorsiening van vervoerdienste te verbeter en om standaarde neer te lê ter verandering van die wyse waarop vervoerinfrastruktuur, -dienste, -bedrywigheede en -stelsels geïmplementeer en bestuur word;

AANGESIEN die Stad sy magte, onderskeidelik opgedra kragtens artikels 12 en 19 van die NLTA, die tersaaklike bepalinge van die Ordonnansie op Paaie, die Wet op Nasionale Padverkeer en die Wet op Stedelike Vervoer, en enige ander tersaaklike geïntegreerde vervoer-verwante wetgewing en regulasies mag uitvoer en TCT die liggaam is waardeur hierdie funksies vervul word;

AANGESIEN die Stad die funksies van TCT wil uitbrei om stedelike ontwikkeling tot voordeel van die burgers van Kaapstad in te sluit;

AANGESIEN TCT die vervoer- en stedelikeontwikkelingsowerheid vir die Stad gaan word en as TDA Kaapstad bekend sal staan;

AANGESIEN die Stad wil hê TDA moet die Stad se saamspanstrategie ontwikkel wat die uitwerking van apartheid op die maatskaplike, ekonomiese en ruimtelike transformasie van die Stad moet omkeer;

AANGESIEN die Stad sy stedelikeontwikkelingsmagte ingevolge SPLUMA, LUPA, die Beplanningsverordening, die Wet op Behuising, die Nasionale Bouwet, die Huurbehuisingswet, NEMA, die Wet op Maatskaplike Behuising, NHRA en enige ander tersaaklike stedelikeontwikkelingsverwante wetgewing en regulasies kan uitoefen en TDA die liggaam moet wees waardeur hierdie funksies vervul word; en

WORD DAAR DUS HIERMEE as volg deur die Raad van die Stad Kaapstad VERORDEN:

INHOUDSOPGAWE

ALGEMENE BEPALINGS

1. Omskrywings
2. Instelling en funksies van TDA

SPESIFIEKE FUNKSIES VAN TDA

3. Vervoerbeplanningsowerheid
4. Kontrakterende owerheid
5. Munisipale regulatoriese entiteit
6. TDA-sakebestuur
7. Beleggingsbestuur
8. Toepassing
9. Skakeling, kommunikasie en belanghebbberbestuur
10. Infrastruktuurbestuur
11. Netwerkbedryfbestuur
12. Stedelike beplanning
13. Menslike nedersettings
14. Stedelike volhoubaarheid

ALLERLEI

15. Algemene funksies
16. Ooreenkomste met die Provinsie en aangrensende munisipaliteite

17. Kort titel

ALGEMENE BEPALINGS**Omskrywings**

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"adviesraad oor landvervoer" die adviesraad oor landvervoer wat ingevolge artikel 16 van die NLTA ingestel is en wat die verantwoordelikhede sal hê wat deur hierdie verordening aan hom gegee word;

"bedryfslisensiestrategie" of **"OLS"** bedryfslisensiestrategie wat in die ITP uiteengesit word en wat gebruik word om die funksie van die munisipale regulatoriese entiteit te bestuur;

"Behuisingswet" die Behuisingswet (Wet 107 van 1997);

"beleggingsbestuur" die verantwoordelikhede soos in artikel 7 uiteengesit;

"Beplanningsverordening" die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015;

"burgemeesterskomitee" die burgemeesterskomitee van die Stad wat ingevolge artikel 60 van die Strukturewet verkies is;

"burgemeesterskomiteelid vir TDA" die lid van die burgemeesterskomitee wat deur die uitvoerende burgemeester aan TDA toegewys is;

"delegasiestelsel" die Stad se delegasiestelsel wat ingevolge artikel 59 van die Stelselswet ontwikkel is en soos van tyd tot tyd gewysig;

"Direkteur" 'n bekleër van die amp van direkteur (hetsy voltyds of deelyds, tydelik of permanent) in die Stad;

"Distrik-ROR" 'n raamwerk vir ruimtelike ontwikkeling vir 'n gespesifiseerde geografiese gebied binne die Stad, soos beoog in artikel 11 van die Beplanningsverordening;

"finansiële jaar" 1 Julie tot en met 30 Junie;

"funksie" enige van die volgende funksies wat deur TDA verrig moet word:

- (a) Vervoerbeplanningsowerheid;
- (b) Kontrakterende owerheid;
- (c) Munisipale regulatoriese entiteit;
- (d) TDA-sakebestuur;
- (e) Beleggingsbestuur;
- (f) Toewysing;

- (g) Skakeling, kommunikasie en belanghebbestuur;
- (h) Infrastruktuurbestuur;
- (i) Netwerkbedryfbestuur;
- (j) Stedelike beplanning;
- (k) Menslike nedersettings; en
- (l) Stedelike volhoubaarheid;

"funksionele gebied" die gebied van die Stad, tesame met die gebiede van sodanige ander munisipaliteite met wie die Stad 'n verhouding ten opsigte van vervoerbeplanning het;

"geïntegreerde ontwikkelingsplan" of **"GOP"** die Stad se geïntegreerde ontwikkelingsplan wat ingevolge hoofstuk 5 van die Stelselwet goedgekeur is;

"geïntegreerde openbare vervoernetwerk" of **"IPTN"** die geïntegreerde openbare vervoernetwerk vir landvervoer vir die Stad ingevolge artikel 11 van die NLTA;

"geïntegreerde vervoer" die infrastruktuur, met inbegrip van stormwaterinfrastruktuur, bedryf en stelsels van alle landvervoermodusse en hulle verwante netwerke (padgebaseer en, waar van toepassing, spoor), met inbegrip van openbare vervoer, privaat motor, niegemotoriseerde vervoer en vrag, tesame met die stelsels wat die konnektiwiteit, interbedryfbaarheid en intermodaliteit op en van sulke landvervoermodusse en hulle verwante netwerke moontlik maak;

"geïntegreerde vervoerplan" of **"ITP"** 'n geïntegreerde vervoerplan vir die Stad soos beoog in artikel 36 van die NLTA;

"grondgebruik" die betekenis wat in die Beplanningsverordening daaraan gegee is;

"Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"GSOR" die implementeringsplan vir die geïntegreerde stedelikeontwikkelingsraamwerk van tyd tot tyd deur die departement: samewerkende regering en tradisionele sake opgestel;

"infrastruktuurbestuur" die verantwoordelikhede soos in artikel 10 uiteengesit;

"intermodale beplanningskomitee" die intermodale beplanningskomitee wat kragtens artikel 15 van die NLTA ingestel is en wat die verantwoordelikhede het wat deur hierdie verordening aan hom gegee word;

"komitee" 'n artikel 79-Strukturewetkomitee;

"Kommissaris" die persoon wat deur die Raad aangestel is om as kommissaris van die TDA te dien en wie se aanstelling ingevolge artikel 57 van die Stelselwet moet geskied;

"kontrakterende owerheid" 'n munisipaliteit aan wie die funksie van kontrakterende owerheid kragtens die NLTA toegewys is en wie se verantwoordelikhede in artikel 4 uiteengesit word;

"LUPA" die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning (Wet 3 van 2014);

"LUR" die lid van die uitvoerende raad van die Provinsie wat vir vervoer in die Provinsie verantwoordelik is;

"menslikenederssettingsplanne" die planne wat ingevolge subartikel 11B(2) deur die kommissaris ontwikkel, geïmplementeer, bestuur en hersien moet word;

"menslike nedersettings" die fasilitering van die voorsiening van bewoonbare, stabiele, volhoubare en geïntegreerde residensiële omgewings met toegang tot sosio-ekonomiese geleenthede, en die ander verantwoordelikhede wat in artikel 11B uiteengesit word;

"minister van menslike nedersettings" die minister verantwoordelik vir menslike nedersettings in die nasionale regeringsfeer;

"minister van vervoer" die minister verantwoordelik vir vervoer in die nasionale regeringsfeer;

"MRE-komitee" die munisipale regulatoriese entiteitskomitee waarna in artikel 5(4) verwys word;

"munisipale beplanningstribunaal" die munisipale beplanningstribunaal waarna in artikel 114 van die Beplanningsverordening verwys word;

"munisipale entiteit" 'n munisipale entiteit soos in artikel 1 van die Stelselwet omskryf;

"munisipale landvervoerfonds" 'n fonds wat ingevolge artikel 27 van die NLTA ingestel is;

(1) **"munisipale regulatoriese entiteit"** 'n munisipaliteit aan wie die bedryfslisensie-funksie ingevolge die NLTA opgedra is en wie se verantwoordelikhede in artikel 5 uiteengesit word;

"munisipaliteit" alle tipes munisipaliteite wat in artikel 155 van die Grondwet beoog word;

"Nasionale Akkrediteringsraamwerk" die nasionale akkrediteringsraamwerk vir munisipaliteite om nasionale behuisingsprogramme te administreer, soos van tyd tot tyd deur die minister van menslike nedersettings bepaal;

"Nasionale Bouwet" die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde (Wet 103 van 1977);

"Nasionale Ontwikkelingsplan" of **"NOP"** die Nasionale Ontwikkelingsplan 2020;

"NEMA" die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998);

"netwerkbedryfsbestuur" die verantwoordelikhede soos in artikel 11 uiteengesit;

"NHRA" die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999);

"nie-lid" 'n operateur wat in die Stad werksaam is wat nie 'n lid van 'n operateursvereniging is nie;

"NLTA" die Wet op Nasionale Landvervoer (Wet 5 van 2009);

"Ordonnansie op Paaie" die Ordonnansie op Paaie, no. 19 van 1976;

"portefeuljebestuurder" 'n bekleër van die amp van portefeuljebestuurder (hetsy voltyds of deelyds, tydelik of permanent) in TDA;

"PRASA" die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika ingestel ingevolge artikel 23 van die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (Wet 9 van 1989);

"prestasieplan vir beboude omgewing" of **"BEPP"** die jaarlikse prestasieplan vir beboude omgewing vir die Stad soos beoog in die Wet op die Verdeling van Inkomste van krag op die betrokke tydstop;

"Provinsie" die provinsiale regering van die Wes-Kaap;

"Raad" die munisipale raad van die Stad ingestel deur Provinsiale Kennisgewing no. 479 van 2000, uitgereik ingevolge artikel 12 van die Strukturewet, en sluit in enige komitee of amptenaar wat enige plig of funksie vervul of enige bevoegdheid ingevolge hierdie verordening uitoefen;

"ROR" die raamwerk vir ruimtelike ontwikkeling vir die Stad soos beoog in artikel 35 van die Stelselwet en hoofstuk 4 van SPLUMA;

"saamspanstrategie" die Stad se visie en voorneme wat ingevolge hierdie verordening ontwikkel gaan word om die uitwerking van apartheid om te keer deur die TOD in geïntegreerde vervoer en stedelike ontwikkeling te implementeer om die maatskaplike, ekonomiese en ruimtelike transformasie van die Stad teweeg te bring;

"skakeling, kommunikasie- en belanghebbestuur" die verantwoordelikhede soos in artikel 9 uiteengesit;

"SPLUMA" die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur (Wet 16 van 2013);

"Stad" die munisipaliteit ingestel deur die Stad Kaapstad Stigtingskennisgewing no. 479 van 22 September 2000, uitgereik ingevolge die Strukturewet, of enige struktuur of werknemer van die munisipaliteit wat kragtens gedelegeerde magte optree;

"stedelike beplanning" die Stad se proses met betrekking tot die ontwerp, ontwikkeling en bestuur van grond binne die stedelike omgewing om die groei en verstedeliking doeltreffend en effektief te hanteer, en die ander verantwoordelikhede in artikel 11A uiteengesit;

"stedelike ontwikkeling" die maatskaplike, kulturele, omgewings-, ekonomiese en fisiese ontwikkeling en bestuur van 'n stad, met inbegrip van stedelike beplanning, die ontwikkeling van menslike nedersettings en die implementering van stedelike volhoubaarheid;

"stedelike volhoubaarheid" die bestuur van natuurlike hulpbronne, die bewaring van die Stad se erfenis en die bestuur van die prestasie van die funksies om in elke geval hulpbrondoeltreffendheid en versagting van klimaatsverandering te verseker, en die ander verantwoordelikhede in artikel 11C uiteengesit;

"stedelike volhoubaarheidstrategie" die strategie vir die voorsiening en bestuur van stedelike volhoubaarheid vir die Stad;

"stelsel vir die administrasie van bedryfslisensies" of **"OLAS"** die administratiewe stelsel vir bedryfslisensies en wat gebruik word om die funksie van die munisipale regulatoriese entiteit te bestuur;

"Stelselwet" die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels (32 van 2000);

"stormwaterinfrastruktuur" daardie dele van die Stad se stormwaternetwerk en seewerings wat 'n integrale deel van die Stad se pad- of spoornetwerk uitmaak;

"Strukturewet" die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture (Wet 117 van 1998);

"TCT" Vervoer vir Kaapstad, die Stad se vervoerowerheid;

"TDA" TDA Kaapstad, die Stad se vervoer- en stedelikeontwikkelingsowerheid;

"TDA-portefeuljekomitee" die komitee wat deur die Raad ingevolge artikel 79 van die Strukturewet ingestel is om oor die prestasie van die TDA toesig te hou;

"TDA-sakebestuur" die verantwoordelikhede in artikel 6 uiteengesit;

"TDA se koolstofvoetspoor" die hoeveelheid koolstofdiksied wat as gevolg van die TDA se aktiwiteite in die atmosfeer vrygestel word;

"TIC" die Stad se vervoerinligtingsentrum;

"TMC" die Stad se vervoerbestuursentrum;

"toepassing" die verantwoordelikhede wat in artikel 8 uiteengesit word;

"uitvoerende burgemeester" die uitvoerende burgemeester van die Stad wat ingevolge

"vervoerbeplanningsowerheid" die funksie van 'n beplanningsowerheid (soos beplanningsowerheid in die NLTA omskryf is) en wie se verantwoordelikhede in artikel 3 uiteengesit word;

"vervoergeoriënteerde ontwikkeling" of **"TOD"** verandering, ontwikkeling en stimulering van die bouvorm van 'n stad deur die ontwikkeling van grond, vervoer en verwante infrastruktuur, en die verdigting en intensifisering van grondgebruik, op so 'n manier dat die bewegingspatrone van mense en goedere geoptimaliseer word met die oog op stedelike doeltreffendheid en om stukrag aan armoedevermindering, maatskaplike gelykheid en ekonomiese groei te gee;

"voertuigoperateursvereniging" enige voertuigoperateursvereniging wat in verband staan met enige openbare vervoerdiens wat op aanvraag in die Stad bedryf word;

"Wet op Huurbehuising" die Wet op Huurbehuising (Wet 50 van 1999);

"Wet op Maatskaplike Behuising" die Wet op Maatskaplike Behuising (Wet 16 van 2008);

"Wet op Munisipale Finansiële Bestuur" die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003);

"Wet op Nasionale Padverkeer" die Wet op Nasionale Padverkeer (Wet 93 van 1996); en

"Wet op Stedelike Vervoer" die Wet op Stedelike Vervoer (Wet 78 van 1977).

Instelling en funksies van TDA

2. (1) Onderworpe aan subartikel (2), stig die Raad hiermee 'n owerheid vir vervoer en stedelike ontwikkeling, wat as TDA bekend sal staan, binne die Stad as 'n regeringsbestuurstruktuur waaronder al die funksies saamgevoeg moet word ten einde geïntegreerde vervoer en stedelike ontwikkeling tot voordeel van die burgers van en besoekers aan Kaapstad te fasiliteer.
- (2) TDA moet nie 'n afsonderlike regspersoon wees nie en moet veral nie 'n munisipale entiteit wees nie en –
 - (a) TDA bly in alle opsigte deel van die Stad se bestuur- en verslagdoeningstrukture; en
 - (b) die kommissaris bekom nie enige funksies of magte behalwe dié wat regmatig binne die delegasiestelsel aan die kommissaris gegee en gedelegeer word nie.
- (3) (a) Die kommissaris staan aan die hoof van TDA.

- (b) Die Raad kan sodanige magte vir die verrigting van die funksies van TDA delegeer soos wat nodig geag word om die kommissaris in staat te stel om verantwoordelik vir die funksies te wees, binne die delegasiestelsel.
 - (c) Die uitoefening van enige gedelegeerde gesag wat die kommissaris kragtens hierdie verordening of andersins opdra, is onderworpe aan –
 - (i) alle ander beperkings wat deur of in ooreenstemming met wetgewing opgelê word;
 - (ii) alle ander bepalings van hierdie verordening; en
 - (iii) alle ander toepaslike beleide, prosedures en verordeninge.
 - (d) Tot die mate waartoe regtens toegelaat of vereis word, moet die kommissaris, onderworpe daaraan dat die nodige magtiging en/of delegasie verleen word, sodanige aktes van ooreenkoms namens die Raad met enige of alle nasionale sferes, met inbegrip van ondernemings wat aan die staat behoort, of provinsialeregeringsfere of ander munisipaliteite aangaan ten einde die funksies te verrig wat deur TDA uitgevoer word.
- (4) Die kommissaris is verantwoordelik vir die ontwikkeling en implementering van die Stad se saamspanstrategie.
- (5) Die kommissaris is verantwoordelik en verantwoordbaar vir –
- (a) die verrigting van die funksies met inagneming van die NOP en die GSOR;
 - (b) die vasstelling en implementering van die Stad se strategie vir die lewer van geïntegreerde vervoer en stedelike ontwikkeling; en
 - (c) die implementering van TOD,
- tot voordeel van die burgers van en besoekers aan Kaapstad.
- (6) In hierdie verordening moet enige woorde wat “insluit”, “sluit in”, “insluitende” en “met inbegrip van” voorafgaan, vertolk word sonder beperking deur die woorde wat op hierdie woorde volg.

SPESIFIEKE FUNKSIES VAN TDA

Vervoerbeplanningsowerheid

3. (1) Die kommissaris is verantwoordelik vir die implementering van artikel 14 (beplanningsowerhede), artikel 15 (intermodale beplanningskomitees), artikel 16 (adviesrade vir landvervoer) en artikels 31 tot 39 (vervoerbeplanning) (inklusief) van die NLTA, tesame met alle ander afdelings van die NLTA wat betrekking het op die aktiwiteite van 'n beplanningsowerheid (soos omskryf in die NLTA).

- (2) Die kommissaris moet die ITP vir die Stad ontwikkel, bestuur en hersien en moet verseker dat die ITP –
- (a) aan alle wette en regulasies oor die inhoud, aard en vorm van die ITP voldoen;
 - (b) die funksionele parameters vir elke funksie soos wat dit met geïntegreerde vervoer verband hou, uiteensit sowel as die verpligtinge en standarde waaraan elke funksie na verwagting moet voldoen;
 - (c) van elke funksie vereis om gereeld aan die TDA-sakebestuursfunksie verslag te doen oor vordering en prestasies teen sodanige verpligtinge en standarde as waarna in subartikel (2)(b) verwys word;
 - (d) uiteensit hoe die kommissaris –
 - (i) die toekenning en bestuur van kontrakte wat deur die Stad as die kontrakterende owerheid aangegaan word, moet administreeer, onderworpe aan die Stad se beleid oor voorsieningskanaalbestuur;
 - (ii) in die bedryfslisensiestrategie moet uiteensit hoe hy of sy van voorneme is om die bedryfslisensies wat deur die Stad as die munisipale regulatoriese entiteit toegestaan moet word, te reguleer (en die kommissaris moet verseker dat sodanige bedryfslisensiestrategie aan die Grondwet, die NLTA, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, die Stelselwet en die GOP voldoen); en
 - (iii) die Stad se vervoerinfrastruktuur en verwante fasiliteite moet ontwikkel en in stand hou; en
 - (e) die IPTN insluit.
- (3) Die standarde waaraan elke funksie moet voldoen, soos na verwys in subartikel (2)(b), moet, vir sekere kwessies, met inbegrip van universele toegang, gespesialiseerde dienste, vrag en niegemotoriseerde vervoer, gelig word uit die sektorplanne wat deel van die ITP uitmaak.
- (4) Die kommissaris moet verseker dat die ITP vir die Stad ooreenkom met die ooreenstemmende GOP vir die Stad.
- (5) Die kommissaris moet gepaste middele daarstel en handhaaf om koppelvlakke tussen die vervoerbeplanningsoverheidfunksie en die munisipale regulatoriese entiteit te verseker ten opsigte van alle aangeleenthede wat verband hou met die beplanning van die IPTN en met alle tersaaklike verpligtinge wat onder die NLTA ressorteer, met insluiting van artikel 57 van die NLTA in die besonder.
- (6) Die kommissaris moet alle tersaaklike regulatoriese liggame van kommentaar en aanwysings gebaseer op die ITP voorsien ten opsigte van enige aansoek om die toestaan, hernuwing, wysiging of oordrag van 'n bedryfslisensie wat met die Stad

en/of sy funksionele gebied ingevolge artikel 55 en ander tersaaklike bepalings van die NLTA verband hou.

- (7) Die kommissaris moet, namens die Stad as vervoerbeplanningsowerheid, reageer op alle grondgebruikaansoeke in die Stad wat potensieel 'n impak op vervoer en verkeer kan hê en in die besonder die mate waartoe hulle in ooreenstemming met die ITP is deur ag te slaan op hulle verbandhoudende impak op die verkeer en die bestuur van vervoeraanvraag en -koste sowel as deur te let op die toepassing van die Stad se beleid oor ontwikkelingsheffings vir ingenieursdienste.
- (8) Die kommissaris moet die intermodale beplanningskomitee en die adviesraad oor landvervoer van sodanige inligting, ontledings en advies voorsien as wat van tyd tot tyd benodig word.
- (9) Die kommissaris moet op 'n maandelikse grondslag gepaste data met betrekking tot sy aktiwiteite kragtens hierdie vervoerbeplanningsfunksie aan die TDA-sakebestuursfunksie voorsien.

Kontrakterende owerheid

4. (1) Die kommissaris is verantwoordelik vir die implementering van artikel 40 (integrasie van buskontrakstelsel by groter openbarevervoerstelsel), artikel 41 (onderhandelde kontrakte), artikel 42 (gesubsidieerde dienskontrakte), artikel 43 (kommersiële dienskontrakte), artikel 44 (vereistes om as tenderaar vir kommersiële of gesubsidieerde dienskontrakte te kwalifiseer), artikel 45 (betrokkenheid van munisipaliteite by openbarevervoerdienste) en artikel 46 (bestaande kontrakteringsreëlings) van die NLTA, tesame met alle ander artikels van die NLTA wat betrekking het op die aktiwiteite van 'n munisipaliteit as 'n kontrakterende owerheid (soos omskryf in die NLTA).
- (2) Die kommissaris moet –
 - (a) met verwysing na die ITP (met inbegrip van die IPTN), die standarde, bedryfsparameters, diensspesifikasies (met inbegrip van voorsiening vir die herstel, instandhouding en vervanging van vervoerbates wat deur of namens verskaffers van openbarevervoerdienste voorsien word), onderworpe aan artikel 7(4)(c) tariewe, betalingstelsels en die koppelvlak tussen die operateurs en die Stad se vervoernetwerk daarstel vir alle kontrakte wat deur die Stad as die kontrakterende owerheid ingevolge die NLTA toegeken en bestuur gaan word;
 - (b) die kontrakdokumentasie vir alle kontrakte waarna in subartikel (2)(a) verwys word, voorberei en in stand hou en die proses administreer om verskaffers van openbarevervoerdienste, tesame met sodanige ondersteunende diensverskaffers, vir sodanige kontrakte aan te stel ten einde dienste soos nodig of wenslik ten opsigte van monitering, inligtingsbestuur, fasiliteitebestuur, reklame en die geoutomatiseerde invordering van reisgeld te verskaf;

- (c) 'n stelsel vir die monitering van dienslewering en prestasiestandaarde wat verband hou met die kontrakte waarna in subartikel (2)(a) verwys word, daarstel en in stand hou; en
 - (d) besonderhede oor die prestasie van alle verskaffers van openbarevervoerdienste onder die kontrakte waarna in subartikel (2)(a) verwys word aan die TDA-sakebestuursfunksie verskaf.
- (3) Die kommissaris is verantwoordelik vir die monitering van –
- (a) die instandhouding en veiligheidstandaarde van alle geskeduleerde openbarevervoervoertuie ongeag of sodanige voertuie deur die Stad besit word of nie; en
 - (b) nakoming deur die operateurs van sodanige geskeduleerde openbarevervoervoertuie ten opsigte van enige kwalifikasies, lisensies en sertifikate wat vir die bestuurders van sulke voertuie vereis word,
- in elke geval ooreenkomstig alle toepaslike wette, regulasies en enige kontrakte toegeken deur die kommissaris namens die Stad aan sodanige operateurs van sodanige geskeduleerde openbarevervoervoertuie.
- (4) Die kommissaris moet doeltreffende en doelmatige finansiële bestuur verseker en ondersteuning met die bestuur van subsidies verskaf, insluitend deur –
- (a) kontrakeise te verwerk;
 - (b) eise op die subsidiebestuurstelsel in te voer;
 - (c) finansiële dokumente vir betalings te voltooi;
 - (d) met operateurs oor betaling te kommunikeer; en
 - (e) weeklikse en maandelikse bestedingsverslae te verskaf.
- (5) Die kommissaris moet verseker dat die Stad te alle tye voldoen aan die verslagdoenings- en ander inligtingsvereistes van die Wet op die Verdeling van Inkomste wat op die betrokke tydstip van krag is.
- (6) Die kommissaris moet gepaste middele daarstel en in stand hou om 'n koppelvlak tussen onderskeidelik die Stad se funksie as kontrakterende owerheid en die Stad se funksies as vervoerbeplanningsowerheid en munisipale regulatoriese entiteit ten opsigte van die IPTN en alle tersaaklike verpligtinge onder die NLTA te verseker.
- (7) Die kommissaris moet op 'n maandelikse grondslag gepaste data wat met sy aktiwiteite kragtens hierdie kontrakterende-owerheidsfunksie in verband staan, aan die TDA-sakebestuursfunksie voorsien.

Munisipale regulatoriese entiteit

5. (1) Die kommissaris is verantwoordelik vir die implementering van artikel 17 tot 19 (inklusief) en artikel 47 tot 84 (inklusief) van die NLTA, tesame met alle ander artikels van die NLTA wat betrekking het op die aktiwiteite van 'n munisipaliteit as 'n regulatoriese entiteit (ingevolge die NLTA).
- (2) Die kommissaris is verantwoordelik vir die bedryfslisensies vir dié persone wat 'n intraprovinsiale diens wil onderneem wat óf in die stad plaasvind óf die stad as vertrekpunt het en ook in die gebied van 'n ander munisipaliteit plaasvind, soos in artikel 54(2) van die NLTA beoog.
- (3) Die kommissaris is verantwoordelik vir die gladde verloop van daaglikse bedrywighede op alle bedryfsgebiede, met inbegrip van die bestaande funksies van landvervoer en spoorvervoer (hoofsaaklik busse, minibustaxi's en treine) en die veiligheid en sekuriteit van openbare vervoer.
- (4) Die MRE-komitee moet die volgende funksies namens die Stad, as die munisipale regulatoriese entiteit, vervul:
- (a) die toestaan, oordrag, wysiging en hernuwing van bedryfslisensies;
 - (b) die wysiging van bedryfslisensies wat uit die vervanging van 'n voertuig voortspruit;
 - (c) die tydelike vervanging van 'n voertuig op 'n bedryfslisensie;
 - (d) die omskakeling van permitte na bedryfslisensies;
 - (e) die duplisering van bedryfslisensies;
 - (f) die voorsiening van tydelike permitte vir spesiale geleenthede;
 - (g) die terugtrekking, opskorting of wysiging van 'n bedryfslisensie; en
 - (h) die toepassing van regsparameters en strawwe, insluitend die toepaslike inspektering van openbarevervoervoertuie en verwante sertifisering daarvan,
- en (onderworpe aan subartikel [5]), moet die kommissaris namens die Stad, as munisipale regulatoriese owerheid, sodanige funksies ooreenkomstig die vereistes, opmerkings en aanwysings van die vervoerbeplanningsowerheid en, in die besonder die bedryfslisensiestrategie, en nie strydig met enige beleid van die Raad nie, verrig.
- (5) Ten einde sodanige funksies waarna in subartikel (4) verwys word, uit te oefen, moet die Raad 'n MRE-komitee aanstel wat bestaan uit 'n minimum van drie persone (insluitende die voorsitter) met 'n gepaste stel vaardighede.
- (6) Die besluite van die MRE-komitee met die uitoefening van sodanige funksies waarna in subartikel (4) verwys word, moet onafhanklik van die Raad wees.

- (7) Alle appèlle teen of in verband met enige besluit wat deur die MRE-komitee geneem is in die uitoefening van die funksies waarna in subartikel (4) verwys word, moet ingevolge artikel 92 van die NLTA aan die vervoerappèltribunaal gerig word.
- (8) Die kommissaris moet verseker dat die MRE-komitee –
- (a) sodanige prosedures as wat die Raad van tyd tot tyd spesifiseer, volg ten einde sy funksies uit te oefen;
 - (b) rekords van die uitoefening van sodanige funksies waarna in subartikel (4) verwys word, op die stelsel vir die administrasie van bedryfslisensies bygewerk hou;
 - (c) aan die Raad verslag doen oor die uitoefening van sodanige funksies met sodanige tussenpose as wat die Raad kan vereis; en
 - (d) met tussenpose, soos die Raad nodig ag, gepaste besonderhede oor die uitoefening van sodanige funksies op TDA se webwerf publiseer.
- (9) Onderworpe aan enige beperking of vereiste wat regtens opgelê of gestel word, kan die kommissaris, indien hy of sy dit nodig ag, inligting oor die volgende op die stelsel vir die administrasie van bedryfslisensies insluit:
- (a) besonderhede van operateursverenigings en hulle lede;
 - (b) besonderhede van nie-lede; en
 - (c) waar gepas, besonderhede van die roetes wat deur operateursverenigings en nie-lede bedryf word en die beskrywing van watter roetes met dié in die ITP moet ooreenstem.
- (10) Die kommissaris moet die inligting waarna in subartikel (9) verwys word, tesame met die ITP en IPTN, gebruik om die operateursverenigings te bestuur op 'n wyse wat deur hom of haar gepas geag word.
- (11) Die kommissaris moet op 'n maandelikse grondslag gepaste data wat met sy aktiwiteite kragtens hierdie funksie as munisipale regulatoriese entiteit in verband staan, aan die TDA-sakebestuursfunksie voorsien.

TDA-sakebestuur

6. (1) Die kommissaris is verantwoordelik vir die daarstelling, bestuur en instandhouding van 'n sentrale stelsel vir die samevoeging van inligting en data vanaf al die funksies en moet koppelvlakke tussen sodanige funksies ondersteun.
- (2) Die kommissaris is verantwoordelik vir die samevoeging, kommunikasie, disseminasie, instandhouding en vervanging van data met betrekking tot alle funksies en die instandhouding, opgradering en vervanging van die inligtingstelsels en -tegnologie wat in elke geval al die funksies ondersteun.

- (3) Die kommissaris –
- (a) is verantwoordelik vir die skep en instandhouding van 'n webwerf vir TDA wat al die funksies omvat;
 - (b) moet, in ooreenstemming met die Raad se beleid, op 'n kwartaallikse grondslag besonderhede oor die prestasie van TDA teen sy teikens oor alle funksies heen op sodanige webwerf publiseer;
 - (c) moet, onderworpe aan vooraf goedkeuring deur die Raad ten opsigte van die vlak en formaat van besonderhede, besonderhede oor die prestasie van alle verskaffers van openbarevervoerdienste kragtens die kontrakte waarna in artikel 4(2)(a) verwys word, publiseer met sodanige tussenpose as wat die kommissaris van tyd tot tyd nodig ag (en geen verdere goedkeuring van die Raad word vereis vir elke sodanige publikasie van sodanige besonderhede oor prestasie nie, met dien verstande dat die publikasie voldoen aan die vlak en formaat van besonderhede soos deur die Raad goedgekeur); en
 - (d) moet 'n databasis van alle belanghebbers, tesame met gepaste fora, ontwikkel en daarstel ten einde kommunikasie met die kommissaris oor alle aangeleenthede wat met geïntegreerde vervoer en stedelike ontwikkeling verband hou, moontlik te maak.
- (4) Die kommissaris moet skakels met datastelle binne ander direktorate van die Stad skep en die data met die data wat met geïntegreerde vervoer en stedelike ontwikkeling verband hou, integreer ten einde te voldoen aan sy of haar verpligtinge wat kragtens hierdie artikel 6 opgelê is.
- (5) Die kommissaris moet gemeenskapsbetrokkenheid- en kliënteverhoudingsprosesse (wat in ooreenstemming met die Stad se openbaredeelnameprosesse gebring moet word) ontwikkel om te verseker dat TDA se prestasie toegespits is op die fasilitering van geïntegreerde vervoer en stedelike ontwikkeling tot voordeel van die burgers van en besoekers aan Kaapstad.
- (6) (a) Die kommissaris moet so gou moontlik ná afloop van elke finansiële jaar 'n verslag oor die prestasie van TDA gedurende daardie finansiële jaar publiseer vir insluiting as 'n afsonderlike hoofstuk in die Raad se jaarverslag.
- (b) Die verslag waarna in subartikel (6)(a) verwys word, moet besonderhede rakende die volgende uiteensit:
- (i) die bydrae wat TDA ten opsigte van die implementering van die GOP gemaak het;
 - (ii) die prestasie van TDA teen onder meer die ITP, ROR, BEPP en menslikenedersettingsplanne; en
 - (iii) die prestasie van TDA teen sy teikens oor alle funksies heen en, in die besonder, die prestasie van die munisipale landvervoerfonds

- (c) Die verslag waarna in subartikel (6)(a) verwys word, moet sodanige inligting insluit as wat van tyd tot tyd skriftelik deur die uitvoerende burgemeester gespesifiseer kan word ten opsigte van enige aangeleentheid waaroor die verslag uit hoofde van subartikel (6)(b) moet handel.
